

Oproep om referate – 7de Kollokwium oor Afrikaans

Universiteit Gent

25-26 Oktober 2022

Taalkunde: DIE STUDIE VAN AFRIKAANS IN 2022: NUWE DATABRONNE, NUWE METODEDES

Die oorkoepelende tema van die taalkundedeel van die kollokwium is 'Die studie van Afrikaans in 2022: Nuwe databronne, nuwe metodes'. Ons verwelkom bydraes wat ou en nuwe probleme aanspreek in die linguistiese beskrywing van Afrikaans (beide Standaardafrikaans en ander moderne of historiese variëteite) deur gebruik te maak van onderskeidings en analitiese metodes uit onlangse linguistiese teoretisering (waarby ons ons bewustelik nie beperk tot een of meer spesifieke grammatikale teorieë nie). Bydraes wat gebruik maak van nuwe korpusse of ander (digitale) databronne is ook welkom. Die plenêre sprekers vir hierdie afdeling van die kollokwium, is **Adri Breed** (NWU) en **Quentin Williams** (UWK).

Letterkunde: CLI-FI. DIALOË OOR KLIMAAT EN OMGEWING IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

Klimaatfiksie is 'n nuwe opkomende literêre genre wêreldwyd, dikwels saamgevat onder opskrifte soos 'cli-fi' en 'ekopoësie' (Johns-Putra, 2016). Ook in Suid-Afrika, meer spesifiek in die Afrikaanse letterkunde, groei die aantal romans en gedigte wat eksplisiet of implisiet drastiese klimaatsveranderinge tematiseer en wat die antroposentriese verbeelding van ons wêreld uitdaag. Bosbrande, langdurige droogte en waterskaarste, toenemende armoede en ekonomiese ongelykheid, mees onlangs die ramspoedige oorstromings in KwaZulu-Natal provinsie, is simptome van klimaatsverandering.

Vanuit 'n vergelykende literêre perspektief kan baie gesê word oor die wyse waarop die klimaatdebat benader word. In die onlangse byeenkoms van Samespraak het Pieter Odendaal, Els de Groen en Susan Smit in gesprek getree. Verlede jaar het die Klimaatidichters-kollektief, met sowat tweehonderd deelnemers uit die Lae Lande en Suid-Afrika, 'n aand aan die klimaatprobleem in Antjie Krog se oeuvre gewy.

Die literêre deel van die kollokwium fokus op klimaatfiksie in twee taal- en kultuurgebiede. In die Global South, in 'n postkoloniale samelewing, is klimaatfiksie anders ingebed as in 'n Europese konteks. Daar is ongetwyfeld meer verskille in die tematisering van die klimaatkrisis in Nederlands en Afrikaans, wat toegeskryf kan word aan kulturele, sosiale en ekonomiese konteks of byvoorbeeld die literêre tradisie en sosiale debatte. In die literêre deel van die kollokwium word aandag gegee aan raakpunte en verskille, ook in die wetenskaplike benadering en die literêr-teoretiese paradigmas wat navorsing in Suid-Afrika en in Nederland/Vlaandere gebruik. Die plenêre spreker vir hierdie afdeling van die kollokwium is **Susan Smith** (UFH).

Kongreskomitee

Elisabeth Bekers (Vrije Universiteit Brussel), Inge Brinkman (Universiteit Gent), WAM Carstens (Noord-Wes Universiteit), Andries Coetzee (University of Michigan), Timothy Coleman (Universiteit Gent), Daniël van Olmen (Lancaster University), Yves T'Sjoen (Universiteit Gent), Freek Van de Velde (KU Leuven), Margriet Van der Waal (Universiteit van Amsterdam & Universiteit Groningen), Gerhard Van Huyssteen (NWU & Viva), Pieter Vermeulen (KU Leuven), Louise Viljoen (Stellenbosch Universiteit), Martina Vitackova (Universiteit Gent), Hein Willemse (Universiteit van Pretoria), Astrid de Wit (Universiteit Antwerpen)

Organisasie

Timothy Colleman, Yves T'Sjoen, Lieselot Tuytens, Freek van de Velde, Annelies Verdoolaeghe, Pieter Vermeulen, Martina Vitackova, Astrid de Wit

Referaatvoorstelle:

Dien asseblief referaatvoorstelle van maksimum 500 woorde teen 30 Junie 2022 in by afrikaans@ugent.be. Die referaatvoorstelle moet anoniem ingelewer word, vermeld asseblief u naam en affiliasie net in die e-pos, en nie in die referaatvoorstel self nie.

Call for papers – 7de Colloquium over het Afrikaans

Universiteit Gent

25-26 oktober 2022

Taalkunde: 'DE STUDIE VAN HET AFRIKAANS IN 2022: NIEUWE DATABRONNEN, NIEUWE METHODES'

Het overkoepelende thema van het taalkundige deel van het colloquium is 'De studie van het Afrikaans in 2022: Nieuwe databronnen, nieuwe methodes'. We verwelkomen bijdragen waarin oude en nieuwe problemen uit de taalkundige beschrijving van het Afrikaans (zowel Standaardafrikaans als andere moderne of historische variëteiten) worden aangepakt met behulp van onderscheidingen en analytische methoden uit de recente linguïstische theorievorming. Daarbij beperken we ons bewust niet tot een of meer specifieke (grammaticale) theorieën, om zo discussie over de theoretische schotten heen te stimuleren. Ook bijdragen waarvoor gebruik wordt gemaakt van nieuwe corpora of andere (digitale) gegevensbronnen zijn welkom. De plenaire sprekers voor het taalkundige deel van het colloquium zijn **Adri Breed** (NWU) en **Quentin Williams** (UWK).

Letterkunde: CLI-FI. DIALOGEN OVER KLIMAAT EN MILIEU IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

Klimaatfictie is een nieuw opkomend literair genre wereldwijd, vaak samengevat onder noemers zoals 'cli-fi' en 'ecopoetry' (Johns-Putra, 2016). Ook in Zuid-Afrika, meer specifiek in de Afrikaanse literatuur, groeit het aantal romans en dichtwerken dat expliciet of impliciet de drastische klimaatveranderingen thematiseren en die de antropocentrische verbeelding van onze wereld betwisten. Bosbranden, langdurige droogte en waterschaarste, toenemende armoede en economische ongelijkheid, recent nog de catastrofale overstromingen in de provincie KwaZulu-Natal, zijn symptomen van *climate change*.

Vanuit vergelijkend letterkundig perspectief is veel te zeggen over de wijze waarop de klimaatdiscussie wordt aangegaan. In de recente bijeenkomst van Samespraak traden Pieter Odendaal, Els de Groen en Susan Smit in gesprek. Vorig jaar heeft het collectief Klimaatdichters, met zo'n tweehonderd deelnemers uit de Lage Landen en Zuid-Afrika, een avond gewijd aan de klimaatproblematiek in het oeuvre van Antjie Krog.

Het letterkundig deel van het colloquium richt zich op klimaatfictie in twee taal- en cultuurgebieden. In de Global South, in een postkoloniale samenleving, is klimaatfictie anders ingebed dan in een Europese context. Er zijn zonder twijfel meer verschillen, zoals toe te schrijven aan culturele, sociale en economische context of bijvoorbeeld de literaire traditie en maatschappelijke debatten, in de thematisering van de klimaatcrisis in Nederlands en Afrikaans. In de letterkundige sessie wordt aandacht besteed aan raakpunten en verschillen, ook in de wetenschappelijke benadering en de literair-theoretische paradigma's waarvan het onderzoek in Zuid-Afrika en in Nederland/Vlaanderen gebruikmaakt. De keynote spreker voor het letterkundige deel is **Susan Smith** (UFH).

Wetenschappelijk comité

Elisabeth Bekers (Vrije Universiteit Brussel), Inge Brinkman (Universiteit Gent), WAM Carstens (Nord-Wes Universiteit), Andries Coetzee (University of Michigan), Timothy Colleman (Universiteit Gent), Daniël van Olmen (Lancaster University), Yves T'Sjoen (Universiteit Gent), Freek Van de Velde (KU Leuven), Margriet Van der Waal (Universiteit van Amsterdam & Universiteit Groningen), Gerhard Van Huyssteen (NWU & Viva), Pieter Vermeulen (KU Leuven), Louise Viljoen (Stellenbosch Universiteit), Martina Vitackova (Universiteit Gent), Hein Willemse (Universiteit van Pretoria), Astrid de Wit (Universiteit van Antwerpen)

Organiserend comité

Timothy Colleman, Yves T'Sjoen, Lieselot Tuytens, Freek van de Velde, Annelies Verdoolaege, Pieter Vermeulen, Martina Vitackova, Astrid de Wit

Abstracts:

Gelieve abstracts van max. 500 woorden in te dienen voor 30 juni 2022 – stuur naar afrikaans@ugent.be. Dien uw abstract anoniem in; gelieve auteurs en affiliaties enkel vermelden in de body van de e-mail.